

# Nog 'n hoofamptenaar as voorsorg geskors

**PRETORIA, Woensdag 21 Augustus 2019** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het nog 'n hoofamptenaar, Me. Mmamathe Makheke-Mokhuane as voorsorg geskors hangende die finalisering van 'n dissiplinêre proses ten opsigte van ernstige aantygings van wanbestuur. Dit bring die aantal hoofamptenare wat tans as voorsorg geskors is, op vyf.

Die hoofamptenare is:

- Mnr. Hlengani Mathebula, hoofamptenaar: Bestuur, Internasionale Verhoudinge, Strategie en Kommunikasie
- Mnr. Teboho Mokoena, hoofamptenaar: Menslike Hulpbronne en Ontwikkeling
- Mnr. Luther Lebelo, groephoof: Werknemer-verhoudinge
- Me. Refiloe Mokoena, hoofamptenaar: Regsverteenvoording
- Me. Mmamathe Makheke-Mokhuane, hoofamptenaar: Digitale Inligtingdienste en Tegnologie

Dit is deel van 'n voortgesette omvattende hersiening, deur die kommissaris, van die hele SARS-leierskapgroep, ingevolge goeie staatsbestuur, en ook, in reaksie op die verslag oor die kommissie van ondersoek na belastingadministrasie en-bestuur by SARS, die "Nugent-verslag".

Me. Makheke-Mokhuane se voorsorg-skorsing tree onmiddelik in. Dit moet egter duidelik gestel word dat hierdie skorsings voorsorggewend van aard is en sodanig nie dui op enige bevindinge van wangedrag deur hulle nie. Sodanige bepaling sal eers met finalisering van die proses gemaak kan word. SARS versoek dat die privaatheid van die betrokke individue en die vertroulikheid van die werknemer-werkgewer verhouding gerespekteer sal word. SARS sal nie verder oor die aangeleentheid kommentaar lewer totdat die verslag afgehandel is nie.